

**Die werkwoord**

Voorbeeld: Ek eet 'n roomys op die strand.

Wat doen ek? Ek eet.....

"eet" is die werkwoord

A. **Onderstreep die werkwoord.**

1. Die dogtertjie verf 'n prentjie.
2. Mamma was die vensters.
3. Ek skryf 'n lang brief.
4. Pappa braai vir ons vleis.
5. Ek spring op die trampolien.
6. Pieter skop die bal oor die pale en Jaco vang dit.
7. Ané teken 'n verkleurmannetjie op 'n tak.
8. Wihan vang vis langs die rivier.

B. Vul die werkwoorde in om die sin te voltooi.

1. Die dogters _______________ in die koor.
2. Almal ______________ 'n kaartjie vir Moedersdag.
3. Ek _________ op die bank en kyk televisie.
4. Ons _______________ graag met ons Lego's.
5. In die Somer ____________ ons graag in die see.
6. Mamma _______ vir ons pannekoek as dit koud is.
7. Ek ____________ 'n boek voordat ek gaan slaap.
8. Ek ___________ blomme in ons pragtige tuin.